**29 Augustus** **Skrifgedeelte: Johannes 14:15-26**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 8

## God is een Wese en drie Persone

Vir Jesus se dissipels het die krisisuur aangebreek. Jesus gaan weg en sal nie meer fisies by hulle wees nie. Hoe sal hulle sonder Hom kan voortgaan? Hy gee die antwoord in vers 26: Die Vader sal die Voorspraak, die Heilige Gees stuur en Hy sal hulle alles leer deur hulle te herinner aan wat Jesus gesê het.

Iets van die wonderlike aard en werking van die Goddelike drie-eenheid word hierin vir ons sigbaar. Die Vader, Skepper van alles wat bestaan, bly vir sy kinders sorg deur die Gees te stuur. Die Seun, Woord van God, bly deur sy verlossende en reddende getuienis ("wat Ek vir julle gesê het") met sy dissipels besig, terwyl die Gees, die Krag wat van die Vader en die Seun uitgaan, toesien dat Jesus Christus se woorde nie vergeet word nie, maar in elkeen se lewe praktyk word.

Alhoewel hierdie Goddelike werkinge onderskeibaar is, is hulle tog nie skeibaar nie. Dit is God self (Vader, Seun én Heilige Gees) wat op hierdie manier troostend "kom woon" by diegene wat Jesus se woorde ter harte neem (vers 23).

Daarom is dit goed dat jy tyd gevind het om vandag met God se Woord besig te wees. Die Heilige Gees benut hierdie tyd as 'n herinneringsmoment waarop Jesus se woorde opnuut in jou lewe ter sprake kan kom. Neem hulle ter harte en jy sal God se vaderlike, versorgende teenwoordigheid in jou lewe ervaar.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~